

## MEDEWERKERS VAN GOD IN TYE VAN COVID19?

Baie welkom en dankie dat jy/julle saam met ons dink oor wat ons te doen staan in hierdie tye.

As **teks** kyk ons saam na: **Kol 4:2-6**

Ons hoop dat ons hier saam gaan dink (en so groei in gehoorsaamheid, sorgsaamheid en diensbaarheid?) in die erediens, kleingroepe, gesinne of families asook individue. Ek skryf die vrae spesifiek met die oog op gebruik in kleingroepe. Gesinne moet dit asb aanpas na gelang van die bevatlikheid van die kinders (Onthou asb dat kinders die angstigheid in die gemeenskap optel en dit bied eintlik 'n ideale geleentheid om hulle te begelei in wat 'n "lewende geloof" vandag beteken. Gee ook vir hulle kans om te sê "hoe die goed vir hulle is").

Die boodskappie is beskikbaar by <https://youtu.be/Q5YtETa-800>

1. Laat almal saam gesels oor hoe hulle die afgelope tyd die hele storie oor die virus beleef het. Probeer fokus dat ons nie net grappies vertel nie (dis soms ook nodig) maar ook uitkom by hoe hulle beleef het dat mense optree (bewusmaking).
2. Gesels oor: Wat doen dit aan jou/julle? Hoe laat dit jou/julle voel?
3. Waaroor in ander mense se optrede, of dalk ook jou/jul eie, voel jy/julle ongemaklik? (onthou dat die Gees van God in ons woon en ons in die volle Waarheid wil lei. Dikwels doen ons in die hitte van die oomblik goed, waaroor ons agterna onseker of spyt is).
4. Wat is die goed, wat julle op hierdie stadium voel nie regtig help nie? Hoekom? Hier kan ons dink aan goed soos "fake news", onttrekking in vrees en angs, ontkenning, weghardloop en goedkoop antwoorde (Van die goed wat ek die afgelope tyd gehoor het, is "Dit is God se straf omdat die Chinese godsdiens in skole verbied het" of met verwysing na ps91, "ons steur ons nie aan hierdie goed nie, want ons is veilig; as die Here jou toevlug is, sal geen kwaad jou tref nie"). Hoekom help dit nie? 1.) Hoe verklaar ons dan die slegte goed wat met kinders van God gebeur? Dit is sleg eksegese en misbruik van die Bybel. Jesus gebruik bv dieselfde Ps 91 wanneer Hy versoek word om te sê dat "ons God nie op die proef mag stel nie" (Luk 4:1-13). (Vir die wat meer wil nadink: lees Joh 9 oor bv die oorsaak van blindheid). 2). Dit is baie swaar op die geloof van gelowiges wat lyding beleef en 3) watter voorbeeld stel dit aan kinders in die ge(mis)bruik van die Bybel vir wanneer hulle self lyding beleef? (pasop dat daar nie te lank by hierdie stokou vraag oor die oorsaak/sin van lyding stilgestaan word nie.)
5. Hoe ons na sake kyk tydens 'n krisis, kan wel help? Lees **Kol 4:2-6** en gesels oor wat julle raaksien/hoor.

Hoe verander dit die situasie wanneer ons verstaan dat Paulus in die tronk sit wanneer hy dit skryf? Praat daaroor dat hy die "krisis sien as 'n geleentheid"

6. Die kerk het deur die eeue veral gegroei weens hul optrede tydens krisistye bv die vervolging (dink aan Die Handelingse verhaal, Nero se vervolging, asook vervolging met die Hervorming) asook natuurrampe. Tydens die sg Swart Dood (1347n.C.) is 'n derde van die "Europese bevolking" (tot 75milj) dood. Wanneer dit lyk of die pes terugkom, skryf Martin Luther oor hoe hy dink gelowiges moet optree:

*I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbor needs me however, I shall not avoid place or person but will go freely as stated above. See this is such a God-fearing faith because it is neither brash nor foolhardy and does not tempt God.*

Wat leer julle hieruit?

7. Watter praktiese raad het julle vir ons huidige tye? Kyk ook weer na Kol 4:2-6  
Dink aan die "armes en bejaardes" wat in hierdie tye die swaarste kry.  
Wat van bv. Bejaardes wat vreesbevange tuis sit en nie winkel toe kan gaan nie?  
Of werkers wat gevra word om liewer tuis te bly, maar nie kos het om te eet nie?  
Of mense wat alle voorrade opkoop, sodat ander niks kan kry nie?  
Of mense wat gevaar loop om hul werk te verloor of hulle besighede moet toemaak?  
Ens.

Wat kan ons bv doen t.o.v. "fake news" en bring van hoop.

Is daar iets wat julle kan/wil/gaan doen?

8. Waar dink julle is God in hierdie situasie? (Juis in Lydenstyd). Lees ook vraag en antwoord 1 van die Heidelbergse kategismus.
9. Ek ontvang in die tyd hierdie gebed. (Ek het dit vry vertaal.) Wil julle dit saam bid?

*Mag ons wat slegs verontrief word hulle onthou wie se lewens op die spel is.*

*Mag ons wat geen risikofaktore het nie, hulle onthou wat kwesbaar is.*

*Mag ons wat die luukse het om van die huis af te kan werk, hulle onthou wat moet kies tussen beskerming van hul gesondheid en hul huur betaal.*

*Mag ons wat die buigbaarheid het om ons kinders te versorg nou dat die skole toe is, hulle onthou wat geen opsies het nie.*

*Mag ons wat ons uitstappies of toere moet kanselleer, dink aan hulle wat geen veilige plek het om heen te gaan nie.*

*Mag ons wat in hierdie tye spaargeld verloor in die warboel van wêreldmarkte*

*Hulle in gedagte hou wat hoegenaamd geen spaargeld het nie.*

*Mag hulle wat hul nou tuis moet inrig vir kwarantyn hulle in gedagte hou wat geen huise het nie.*

*Soos vrees die land beetpak, laat ons liefde kies*

*In hierdie tyd dat ons nie ons arms om mekaar kan slaan nie*

*Laat ons steeds maniere vind om God se liefdevolle omhelsing vir ander te wees. Amen*

**Die genade, barmhartigheid, vreugde en vrede van God Drie-enig vir jou/julle.**